**11 DESEMBER      Skrifgedeelte: Daniël 6:1-29**

**Fokusgedeelte: Daniël 6:6, 11**

## Ons stryd as gelowiges

Die aanslag op Daniël se gebedslewe kom nie net vanuit die jaloesie van sy kollegas nie. Volgens Ef 6:12 het ons geloofstryd 'n baie dieper dimensie as net die stryd teen vlees en bloed. Uit Dan 9:1-2 blyk dat Daniël hom juis in die tyd verdiep het in God se beloftes oor die terugkeer uit die ballingskap. Hy het dit met groot erns van God afgesmeek. Daarmee het Daniël direk in die pad van die duiwel gestaan wat juis wou sien dat Babel die graf van God se volk moet wees. Die kollegas was, sonder dat hulle dit direk geweet het, werktuie van Satan om in die weg van die vervulling van God se beloftes te staan. Dis die groot slagveld waarin Daniël – en saam met hom elke gelowige – hom bevind.

Op hierdie slagveld kan die wêreld ontsettende bedreigings daarstel – vir Daniël was dit op sy oudag die wetgewing en die leeukuil. Maar God is almagtig. Hy laat die ootmoedige en getroue bidder nie in die steek nie. Hy hou selfs die bekke van die leeus gesluit. In Jesus Christus het God hierdie stryd, aangepak en volvoer. Die duiwel is oorwin en uit die hemel uitgegooi. Hy is nou op aarde en weet dat hy min tyd het. Hier vervolg hy gelowiges soos 'n brullende leeu. Biddende gelowiges is egter deur Jesus Christus, ook in hierdie aanslag, meer as oorwinnaars.

*Sing: Psalm 37:24,25      Ds Dirk Wijnbeek (Steynsburg)*